

# Die web van water as bron vir genesing – water en erediens

In “Twee kleuters in die Vondelpark” skryf Elisabeth Eybers onder andere: “Maar sy sien webbe onderwater roer.”

Ná bykans twee dekades se navorsing oor liturgie, wil ek sê dat wanneer dit by die gebruik van water in eredienste in Suid-Afrika kom, ek ook webbe sien roer, ten spyte van my geslag.

Ja, in en onder die water wat in eredienste gebruik word, is daar webbe, alhoewel ons ’n klein bietjie moeite moet doen indien ons hulle wil raaksien.

Dit is presies wat ek in hierdie bydrae wil doen. Ek wil twee uiteenlopende liturgiese tradisies beskryf en hoe hulle water in die erediens gebruik. So wil ek aantoon dat daar inderdaad webbe in die water is.

Die webbe wat ek wil blootlê, is méér as slegs die gewebde pote van ’n swaan. Daar is webbe soos ’n spinnekop s’n; of ’n ragfyn netwerk van koppelings wat juis in en deur die water gemaak word.

Wat sal dit nou help om dit te wil doen? Omrede ek glo dat indien ons hierdie netwerk van verbande kan blootlê, ons ook die netwerk kan verbeter, en dat ’n verbeterde netwerk genesing dien. Maar ek sal dit straks beter verduidelik. Ek begin met kort beskrywings van die gebruik van water in twee tradisies.

## Gereformeerde tradisie

Daar is twee geleenthede in die liturgie in die gereformeerde tradisie wêreldwyd waartydens water simbolies gebruik word. Ek sluit hier spesifiek allerlei nuwe ontwikkelinge wat (nog) nie wyer ingang gevind het nie uit.

Die eerste een is by die doop. “Ek doop jou in die naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees. (Jy behoort nou aan God en ons eien vanoggend al God se beloftes vir jou toe.)”

Die doop verseël wat in die verbond beloop is. Jou heil hang dus nie



*Cas Wepener is mede-professor in die Departement Praktiese Teologie, aan die Universiteit Pretoria.*

van jou doop af nie. Daarom is die gereformeerde tradisie ook nie so lief vir iets soos nooddoo nie.

Gekoppel aan die water van die doop, is daar ’n hele repertoire ouer en nuwere gebruike wat ons ook in die gereformeerde liturgiese tradisie aantref, soos verbondsvernuwingsdienste, doopherrinnerings en die herinnering aan die doopbeloftes tydens die aflegging van die belydenis van geloof.

Die tweede voorbeeld is minder bekend, maar is ook deel van ons tradisie indien ons verder as slegs Suid-Afrika kyk (Wepener, 2014; White, 2000), alhoewel baie liturge dit ook reeds in Suid-Afrika doen. Dit is die gebruik van water met die dood.

Tydens die aanvang van die dankdiens of begrafnisdiens, is die heel eerste handeling wat die liturg uitvoer om na die vont toe te loop, haar hande in die water te druk, dit te laat drup en te sê: “Jare gelede is NN op XX gedoopt. Hy het daardie dag alreeds met Christus gesterf sodat hy vir ewig met Hom sal lewe.”

Dit is geen nuwigheidjie nie. Lesers sal dit in menige werke oor die geskiedenis van die liturgie teëkom. Die koppeling van doop en dood kom natuurlik alreeds in die Bybel voor waar die doop met die sterf met Christus vergelyk word.

## Afrika- onafhanklike kerktradisie

In navorsing wat ek saam met ’n span navorsers in ’n Onafhanklike Kerk in Suid-Afrika gedoen het, het ek nie minder nie as sewe groepe waterrituele gevind.

### Reinigingsrituele buite die erediens

Hierdie gebeur buite die kerkgebou. Die priester seën die water en sprinkel dit oor jou gesig en lyf, ook agter, en dan op jou hande. Hierdie ritueel is onder andere nodig vir iemand wat ’n begrafnis bygewoon het en weer in die kerkgebou wil kom; enigene wat in ’n hof was, in ’n tronk of ’n seun wat vanaf inisiasie terugkeer as ’n man.

### Reinigingsrituele in die erediens

Soms is dit nodig, veral wanneer iemand deur ’n kwaadwillige gees beheer word, dat water oor so ’n persoon gesprinkel word as deel van ’n liturgiese ritueel tydens die diens. Die waterritueel het altyd met reiniging (“cleansing”) te make.

### Voetewassing

Tydens elke Goeie Vrydag-liturgie word in baie kerke elke lidmaat se voete gewas. Hulle teksverwysing is Johannes 13 : “... nie net my voete nie Here!”

### By die onthulling van grafstene

Dit word dikwels verduidelik as ’n beskerming van die oorledene en om die oorledene op ’n sekere stadium na sy of haar dodehuis toe te neem en as voorouer weer aan die oorledenes en lewendes te koppel.

Hier is dit nodig om die geesteswêreld van Afrika te verstaan en te weet dat Afrika-mense nie die dualistiese Westerse denke in hulle

teologie inbring nie, maar dat die empiriese en meta-empiriese as een geheel geneem word. Dit gebeur juis in en deur die idee van 'n geesteswêreld. Self is ek oortuig dat ons hierdie benadering tot die werklikheid baie ernstig in ons konteks moet neem en 'n pneumapraxis nodig het vir die toekoms (vgl Wepener, 2015).

### Genesing

Siekte is die gevolg van die afwesigheid van totale harmonie in mense se lewe. Die afwesigheid van die lewenskrag, *amandla*, is wat kort. Water word elke Sondag as deel van die liturgie in 'n genesingsritueel gebruik. Die kern daarvan is om die balans van die lewe te herstel en mense aan mekaar te koppel (vgl Mbiti, 1999).

### Met Nuwejaar

Elke Nuwejaar spring die hele gemeen- te as deel van 'n erediens in die naby- geleë rivier. Ek vra hulle tydens 'n besoek waarom hulle dit doen. Die antwoord? Dáár in die rivier los ons 2015 en al sy bekommernisse en ons gaan 2016 skoon tegemoet.

### Doop

Dan is daar natuurlik die doop. Dit gaan my egter 'n hele uitgawe van *Kruisgewys* neem om dit te beskryf en verduidelik. Levitikus speel 'n kernrol in die ontwerp van hierdie dienste. Die natuur word sover moontlik geïntegreer, te wete die see, riviere of 'n naby geleë waterval.

### Verbindings en verbande

Ek wil nou hierdie beskrywings gebruik en kyk hoe die gebruik van water in liturgiese rituele en sakramente in die onderskeie tradisies verbindings maak en bande smee.

Wat die gereformeerde tradisie aanbetref, beteken doop verskeie ver- bindings wat gelê word, dalk méér as wat ons dikwels besef. Deur hieroor na te dink, sien ons iets van die web of netwerk van koppelings wat daaragter lê.

In die gereformeerde tradisie bete- ken die verbond onder meer inlywing in God se genade. Die doop is die teken en seël van daardie werklikheid.

Die verbinding is verder tussen die dopeling en die liggaam van Christus, maar ook tussen die dopeling en God, tussen die gemeente en God en die gemeente onderling.

As liturgiewetenskaplike sal ek 'n laaste klem ook wil lê, naamlik die onderlinge verband tussen liturgie en lewe; die doop het etiese implikasies.

Dit beteken dat die doop die dopeling op 'n spesifieke wyse ook aan hierdie lewe en hierdie aarde van ons vasknoop. Daar is dus 'n netwerk van koppelings ingebed in die doop.

My vraag is of ons as liturge met elke viering van die doop en dood bewustelik met die hierdie web werk en dit in ons liturgiese voorbereiding ag neem.

In die Afrika- onafhanklike tradisie is dieselfde koppeling daar, maar daar is ook veel méér. Die bekende ritueel-

Mense word voortdurend aan mekaar gekonnekteer, aan die gemeente, aan God en aan die geesteswêreld. Ook word die geesteswêreld weer teruggekoppel aan die mense en die gemeente.

Deur waterrituele in hierdie kerke te beskryf, is soos in ons eie tradisie soortgelyk daaraan om 'n onsigbare net uit die water uit op te trek, en ewe skielik word die hele ragfyn netwerk van verbande en konneksies sigbaar. Ja, om gedoop te word koppel jou aan God, maar om gedoop of begrawe te word, koppel jou ook aan die aarde en aan die wolk van getuies. Dit het implikasies vir lewe.

Die water in albei tradisies help om die verbande te sien. Maar die water help ook om die verbande te smee (alhoewel elke tradisie dit op sy eie wyse doen).

Aan die een kant wil dit my voorkom asof God 'n God van konneksies is. God se Gees bind in en knoop vas, juis ook met die eerste en laaste oorgang in hierdie lewe.

Aan die ander kant word dit duidelik dat liturgiese rituele, waarvan sakramente deel uitmaak, dinge doen. Rituele kan onder andere oorgange bewerk, veral deur te "(re) connect". In ons

konteks in Afrika is dit genesing. Rituele is instrumente van genesing, van weer-koppeling, met die doel om verbande te herstel en te sorg dat ekwilibrium weer bereik word.

In die lig van voorafgaande beskry- wing en met my hoedjie op as prak- tiese-teoloog, kom ek onvermydelik ook by die pragmatiese taak (vgl Osmer, 2008) en vra ek: Goed, so wat sal ons doen? Ek stel enkele stappe voor wat ek sommer 'n liturgiese oudit noem.

### Stap 1:

Kom ons identifiseer eers watter koppelings almal dalk deel is van die netwerk van koppelings en verbande wat deur water gelê word?

1. God
2. Die individu

**Rituele is instrumente van genesing, van weer-koppeling, met die doel om verbande te herstel en te sorg dat ekwilibrium weer bereik word.**

kenner, Ronald Grimes (2000), skryf in sy pragtige boek oor oorgangsrituele getiteld *Deeply into the bone*: "To be cured is to be fixed, to be healed is to be reconnected." Hier is myns insiens 'n sleutel.

Ook John Mbiti (1999) skryf oor die rol van rituele in Afrika wat daarop gemik is om die ekwilibrium van die lewe te handhaaf en te herstel. Telkens wanneer iets in die lewe die status quo ontwrig, word rituele gebruik om dit weer in balans te kry. Iemand wat sterf, breek byvoorbeeld die bestaande netwerk. Net so brei geboorte dit uit en maak dit anders. Rituele is 'n reaksie wat help om oorgange te maak en sake weer te stabiliseer.

Die waterrituele in die Afrika- onaf- hanklike kerke funksioneer voort- durend om konneksies te maak. Daardie konneksies is "genesing".

# Die web van water as bron vir genesing. Water en erediens

Van bl 5

3. Die gemeente as liggaam van Christus.
4. Ander mense
5. Die wêreld
6. Die aarde. Wat nog?

## Stap 2:

Ons maak 'n grafiek of tekening van die moontlike koppelings. Teken die web of netwerk saam met die eredienswerkgroep op 'n blaaibord.

## Stap 3:

Ons evalueer eers ons waterrituele en vra op watter vlakke dien ons rituele hierdie netwerk? Waar lê die klem?

Kom ons neem as voorbeeld 'n doop in 'n oggenddiens en ons vat daardie hele doopdiens as waterritueel. Welke koppelings word gemaak en noem ons bewustelik by name, en watter bly agterweë?

- Die dopeling en God
- God en die hele gemeente
- Die gemeente en die dopeling
- Die gemeente en God
- God en die aarde en die samelewing
- Die dopeling en die aarde en die samelewing
- Die gemeente en die aarde en die samelewing
- Daar is nog veel meer moontlikhede hier ...

Jy sal uit bogenoemde oefening 'n goeie prentjie kry van die teologiese onderbou van die waterrituele in jou gemeente. Ek noem vrae wat gevra kan word en waarop gemeentes self kan uitbrei:

Is daar 'n bewustelike koppeling tussen ons gemeente se liturgie en die droogte? En met rassisme? En met my enigste troos in lewe en in sterwe? En met ...?

## Stap 4:

Hier word gevra watter liturgiese bronne reeds bestaan wat kan help om hierdie koppelings te dien. Byvoorbeeld, die liturgiese kalender met die Seisoen van Skepping, Skeppingsondag, Paas- of opstandingsondag, wat tradisioneel die "waterdag" van die kerk was. Watter ander seisoene kan juis dit dien?

In 'n volgende rondte kan ons vra wat ons potensieel by ander kerke kan leer oor hoe hulle dit doen. Dalk ontdek ons dat doop(-herinnering) alles te make het met die belydenis van Belhar en die gay-debat.

Ten slotte glo ek dat 'n bewuste aksent op water in die erediens ons nader kan vat aan 'n sakramentele lewenswyse, 'n lewe waarin die gewone en alledaagse van water my voortdurend aan my verbintenis met God, alle ander mense, die samelewing en ook die aarde herinner; dat ek voortdurend my skoene moet uittrek, soos Wilma Stockenström (1970) in haar gedig "Almoeder" doen:

*Om te weet waar ek trap  
onderaardse riviere vlermuistil  
vloei, laat my bedeesder stap.*

Wanneer ons só loop, bewandel ons die aarde op 'n sakramentele wyse.

Ek glo ons waterrituele genees ons omdat hulle koppeling maak, ons konnekteer en herkonnekteer. Dit sal ons goed doen om as teoloë voortdurend te sorg dat ons waterrituele dit optimaal doen.

Om ons in hierdie misterie te verdiep, is deel van ons opdrag. Dit is ook opwindend, want daar is méér in en onder die water(rituele) as wat ons kan vermoed. Soos Louis Esterhuysen (2010) sy digbundel tereg

geheimenisvol betitel het: *wat die water onthou*.

## 'n Paar bronne

Esterhuysen, L. 2010. *wat die water onthou*. Pretoria: Protea.

Eybers, E. 2008. *Klinkklaar*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Grimes, R.L. 2000b. *Deeply Into The Bone. Re-Inventing Rites of Passage*. Berkeley/ Los Angeles/ Londen: University of California Press.

Mbiti, J.S. 1999. "Hearts Cannot be Lent! In Search of Peace and Reconciliation in African Traditional Society". *The Princeton Seminary Bulletin* Vol. XX/1, 1 – 12.

Osmer, R. 2008. *Practical Theology. An Introduction*. Grand Rapids: Eerdmans.

Stockenström, W. 1970. *Vir die bysiende leser*. Reijger-pers.

Wepener, C.J. 2014. *Van voor die wieg tot na die graf. Rituele roetemerkers vir die drumpels van die lewe*. Wellington: Bybel-Media/ Bybelkor.

Wepener, C.J. 2015. "The Department of Faith Practices at the University of Pretoria. A spacious House Accommodating a Postcolonial African Pneumapraxis where an Academic Spirituality of Liminality is fostered." (Intreerede, Universiteit van Pretoria).

Wepener, C.J. & B.A. Müller. "Water rituals as a source of (Christian) life in an African Independent Church: To be healed and (re)connected." *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 54/1&2, aug. 2013.

Available at: <<http://ngtt.journals.ac.za/pub/article/view/316/423>>

Wepener, C.J. en I.J. van der Merwe. 2009. "Ontdek die kenmerke en waarde van simbole en rituele". In: Wepener, C.J. en I.J. van der Merwe (reds.). 2009. *Ontdekkings in die erediens*. Wellington: Lux Verbi.BM.

White, J.F. 2000. *Introduction to Christian Worship*. Third Edition Revised and Expanded. Nashville: Abingdon.

## Kruisgewys bereik byna 3 000 gemeenteleiers

**D**IE doelstelling van *Kruisgewys* is om die jongste teologiese denke oor kerk- en gemeenteweese op 'n bevatlike wyse aan besige gemeenteleiers oor te dra.

Bybel-Media is die uitgewer van *Kruisgewys* en versprei dit minstens vier keer per jaar gratis as 'n diens aan gemeentes, ooreenkomstig die leuse "Venoot in geloof en bediening". Die tydskrif is 'n gesamentlike



aksie met die Gemeentedienstenetwerk (GDN).

Chris van Wyk van GDN (links bo) is die artikel-redakteur. Pieter Fourie van Bybel-Media (links onder) is die eindredakteur.

*Kruisgewys* word gestuur aan leraars van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, die Nederduitse Hervormde Kerk, die NG Kerk, die Afrikaanse gemeentes van die VGKSA en die Christelike Gereformeerde Kerk.